# RIGLYNE VIR PREDIKING UIT OPENBARING 12-13

Japie Marais[1]

## 1. Proloog

Menige hart sing vandag in kommer die woorde van Psalm 12:

*Red , red, en hoor, O Heer,*
*geen vrome is daar meer;*
*getrouheid, in die land reeds klein,*
*het nou daaruit verdwyn.*

Dit is juis hierdie kommer wat in hierdie dae aangespreek moet word. En 'n goeie gedeelte om te gebruik, is Openbaring 12-13. Wanneer jy die simbole en beelde uit Openbaring wegneem, is dit amper asof 'n mens na die hedendaagse nuusberigte kyk of luister. Twintig eeue later is die werkswyse van die duiwel en sy aanhangers nog presies dieselfde as wat dit met die eerste eeuse Christene was.

Met Openbaring 12-13 kan u u gemeente so 'n kykie gee van wat agter die skerms besig is om te gebeur. Hier voor is die poppe besig om te dans, maar daar agter is die meesterbreine besig om die toutjies te trek.

## 2. Eksegetiese opmerkings

### *2.1 Inleidingsvraagstukke van die boek Openbaring*

Hier gaan net 'n paar aannames gemaak word, sonder om die sake te beredeneer. Die plek is daarvoor te min. Tog is dit belangrik om daarvan kennis te neem.

#### 2.1.1 Watter soort geskrif is Openbaring?

Openbaring kan as 'n kombinasie van 'n brief, apokalips en profesie gelees word. Dit verklaar die vorm van die boek, die profetiese segginge en die apokaliptiese taal wat gebruik word. Hierdie kombinasie bied ook duidelike insigte vir die verklaring van Openbaring 12-13.

1 Ds. Japie Marais Predikant in Ned Geref Gemeente Theunissen-Wes, Posbus 2, Theunissen 9410

## 2.1.2 Wie was die skywer van Openbaring?

In Openbaring 1:4 identifiseer die skrywer homself as Johannes. Die mees aanvaarbare is dan ook dat dit Johannes die apostel is wat die skrywer van die boek Openbaring is. Daar is egter ander moontlike verklarings.[2]

## 2.1.3 Wanneer is Openbaring geskryf?

Daar is uiteenlopende standpunte oor wanneer die boek geskryf is. Standpunte wat ondersteun word, is onder meer dat dit tydens die regeringstydperke van Claudius (41-54)[3], Nero (54-68)[4], Domitianus (81-96)[5] of selfs in die tydperk van Trajanus (98-117) ontstaan het. Die waarskynlikste datum is tydens die regeringstydperke van Nero of Domitianus. Wie regeer het, is egter nie so belangrik as wat in daardie tyd gebeur het, naamlik dat die Christene baie erg vervolg is.

## 2.1.4 Aan wie en waarom is Openbaring geskryf?

Die brief Openbaring is nie net aan die sewe gemeentes waarvan daar in die eerste drie hoofstukke sprake is, geskryf nie. Die getal sewe dui maar net aan dat hulle die kerk in totaliteit verteenwoordig het. Sewe druk volkomenheid of volmaaktheid uit. Aan hierdie gemeentes is die brief gerig met die doel om hulle veral teen twee dinge te waarsku. Enersyds teen heulery met die Jode en andersyds teen 'n verval in heidense gebruike. Verder moes die Christene ook voorberei word vir die komende vervolging van die Christene van die kant van die staat af.

## 2.1.5 Hoe moet Openbaring verklaar word?

'n Regte verklaring van Openbaring is baie belangrik. Wanneer 'n mens byvoorbeeld gaan kyk na die dier wat in hoofstuk 13 uit die see kom, kan

2 Charles beredeneer die saak vanuit die oogpunt dat die skrywer anoniem is. Hy gaan uit van die standpunt dat Openbaring 'n apokaliptiese boek is en daarom moet die skrywer dan in ooreenstemming met die skryfstyl anoniem wees. Daar is ook nog ander standpunte, naamlik die van Eusebius en Zahn wat die skrywer as Johannes 'n ouderling identifiseer. Die meeste moderne skrywers wat die skrywer nie as Johannes die apostel identifiseer nie, doen dit omdat hy homself nêrens apostel noem nie. Guthrie wys egter ten slotte duidelik dat as jy die skrywer nie as Johannes die apostel identifiseer nie, jy ernstige probleme het met die verklaring van ander dele in die boek.

3 Epifanius 'n vierde-eeuse biskop van Salamis

4 Westcott, Lightfoot en Hort

5 Eusebius en Zahn

dit jou hele verklaring van die gedeelte beïnvloed. As jy die boek allegories verklaar gaan jy dalk aan elkeen van die tien horings 'n dieper geestelike betekenis gee. So ook met die krone. Jy sal byvoorbeeld sê dat die een kroon dui op die duiwel se heerskappye oor die ekonomie, die ander oor sy heerskappy oor die kuns ens.

Daar is baie betekenismoontlikhede wat vandag weer na vore kom met die nadering van die eeuwenteling. So is daar die tydhistoriese[6], endhistoriese[7], tydlose[8] en kerkhistoriese[9] benaderings. In al hierdie verklarings is daar iets van die waarheid. Daar moet allereers onthou word dat die brief aan mense in 'n bepaalde omgewing met bepaalde omstandighede geskryf is, maar dat daardie boodskap vandag nog net so relevant is as in daardie tyd. Die sentrale boodskap van Jesus Christus se oorwinning oor die magte van die duisternis - nou en eendag - is nou net so geldig as 2000 jaar terug.


6 Dit staan bekend as die *Zeitgeschichtliche* benadering en gaan van die standpunt uit dat die boek Openbaring net in sy historiese milieu verstaan moet word en dat alle voorspellings al met die val van Jerusalem of Rome in vervulling getree het.

7 Die aanhangers van die standpunt beweeg nou weer net na die toekoms en sê dat Openbaring net voorspellings maak oor wat gaan gebeur voor die wederkoms. Die *dispensionaliste* is veral aanhangers van die standpunt. Abraham Kuyper het die standpunt gehuldig.

8 Milligan het in verdediging van die standpunt gesê dat 'n mens nie na enige gebeurtenis moet kyk om Openbaring te verklaar nie; maar na sekere beginsels wat God wil neerlê oor hoe Hy in die geskiedenis te werk gaan (Mounce, p. 43)

9 Hiervolgens wil Openbaring net 'n aanduiding van die geskiedenis van die kerk gee en nie van die wêreldgeskiedenis nie.

## *2.2 Struktuur van Openbaring 12-13*




Bogenoemde struktuur wys dat die aanslag in drie fases geskied. Die eerste fase is die wat in Openbaring 12 opgeteken is waar die duiwel of die draak in beheer is. Die tweede fase is die van Openbaring 13:1-10 waar die dier uit die see in beheer is en die derde fase is die van hoofstuk 13:11-18 waar die dier uit die aarde in beheer is. Ons het dus hier te doen met die *duiwelshistoriese* ontplooing van die bose trio wat die Goddelike Drie-Eenheid teenstaan.

## *2.3 Drie fases van die duiwelse aanslag*

### 2.3.1 Eerste fase(12:1-18)

In die eerste fase gaan dit oor die groot stryd tussen die draak met sy gewaande mag en die kerk met haar verleende mag. Die aanslag tydens hierdie fase is op drie groepe mense gerig.

*Allereers* is dit teen Jesus Christus gerig. Die hele simboliese beskrywing wat in hoofstuk 12:1-6 opgeteken is, wys terug na die duiwel se poging om Jesus Christus se werk op aarde teen te staan. In die proses word van baie simboliese taal gebruik gemaak. Aan die een kant is daar die beskrywing van die draak [10] wat vuurrooi [11] is met sewe koppe [12] en tien horings [13] met sewe heerserskrone[14]. Hy probeer alles in die stryd

10 wat die duiwel simboliseer
11 dui op moordadigheid
12 dui op intelligensie
13 dui op afgeronde krag

werp om te verhoed dat die kind (Jesus Christus) gebore word. Tog is sy mag maar beperk want hy kan net 'n derde van die sterre saamsleep.

Teenoor hom staan die vrou[15] wat ook op 'n unieke wyse uitgebeeld word. Haar hele beskrywing dui op haar verhewenheid en magsposisie. Die swangerpyne dui nie op swakheid nie, maar op verwagting van die vervulling en geboorte van Jesus Christus. Die geboorte vind dan ook plaas en die hele lewe van Jesus Christus en sy hemelvaart word in vers 5 in een enkele vers opgesom. Let veral op die gebruik van die simboliek uit Psalm 2.[16] Die slag verloor die draak, want die kind word na die hemel geruk en die vrou word in die woestyn versorg.

*Tweedens* word die duiwel se aanslag nou in die hemel teenoor God en sy engele gerig. Hierdie stryd is in verse 7-12 opgeteken. In verse 7-9 het ons 'n beeldryke beskrywing van die stryd. Aan die een kant is God en sy leër wat deur Migael aangevoer is. En aan die ander kant is daar die duiwel[17]. Hierdie stryd het die duiwel verloor (vers 9). Daardeur kon die eerste lesers leer dat hy nie meer 'n plek in die hemel het nie en dat hy op allerhande ander maniere gaan probeer om die kinders van God te ontspoor.

Heel gepas eindig die stryd in die hemel met een van die mooiste lofliedere wat in die Skrif opgeteken is. Dit vind ons in verse 10-12. Belangrik in die gedeelte is die feit dat die gelowiges hulle oorwinning deur die bloed van Jesus Christus behaal en nie op grond van eie krag nie.

*Derdens* sien ons dat die duiwel dan sy aanslag teen die kinders van die vrou rig. Daarvan word in verse 13-17 geskryf. Eers probeer hy om die vrou te agtervolg (Op. 12:13). God was egter groter as hy en het die vrou na die woestyn geneem.[18] Die duiwel het nie opgegee nie, maar het 'n

14 dui op voorgenome heerskappy

15 Die vrou wys op die nuwe Israel of kerk. Dit is duidelik uit die beeld van Sion as die moeder van die volk van God (Jesaja 54:1; Galasiërs 4:26)

16 Hiervolgens is Hy bestem om die nasies met 'n ystersepter te regeer. Dit wys op die oordeel oor die heidennasies.

17 Al die name wat vir hom hier gebruik word, naamlik duiwel, draak van ouds, slang en Satan wil almal net wys op sy posisie as teenstander van God en aanklaer van die mens.

18 Die woestyn het vir die mense van daardie tyd gewys op 'n plek waar God vir sy volk voorsien.

stroom water soos 'n rivier uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg (verse 15-16). Hierdie vloedwaters was 'n bekende beeld van die bose magte wat die kerk wil oorweldig[19]. Maar God tree weer in deur die aarde te gebruik wat die water insluk.[20] Die duiwel was so kwaad oor hierdie nederlae teenoor Jesus Christus, in die hemel en op die aarde, dat hy nou teen al die ander nakomelinge wou oorlog maak. Omdat hy tot dusver al sy stryde verloor het, moes hy ook nou sy strategie verander. Daarom betrek hy nou in die volgende twee fases die ander twee lede van die bose trio.

### *2.3.2 Die tweede fase (13:1-10)*

Die tweede fase van die duiwel se aanslag is in hoofstuk 13:1-10 opgeteken. In hierdie fase is die stryd teen die vrou oftewel die kerk gerig. Verder word hierdie fase deur die teenstander van Jesus Christus, naamlik die dier uit die see, gelei. Die hele tekening van hom dui daarop dat hy die antichris is wat Jesus op aarde wil teenstaan.

Net soos in die geval van die draak word die dier uit die see beeldend beskryf. Hy het uit die see gekom[21], het tien horings[22] en sewe koppe[23] gehad. Op sy horings was daar tien heerserskrone[24]. Verder was daar op sy kop godslasterlike name[25]. Met hierdie grootheidswaan en vertoon van hom het hy die hele wêreld beïndruk en het almal agter hom aangeloop. Uit verse 3-4 word dit duidelik dat hy baie populêr was. Maar dit is nie al nie. Hy was ook baie magtig. Dit kom in verse 5-8 na vore. Hierdie mag was egter maar beperk en is aan hom gegee. Let op na die talle kere dat die woorde "toegelaat" en "gegee" in die gedeelte gebruik word. Vanweë die populariteit en die mag van die antichris het die mense in dié tyd geloof en volharding nodig.

19 Vergelyk Psalm 18:5 en Jesaja 43:2.
20 Vir Israel het dit gewys op God wat sy kerk bewaar soos wat Hy in die woestyn gedoen het.
21 Die see was simbolies die woonplek van die Bose en die chaos.
22 dui op sy afgeronde mag
23 dui op sy gesag
24 dui daarop dat sy gewaande koningsheerskappy op sy geweldadige mag (horings) berus.
25 Hierdie name dui op die gewoonte wat die Romeinse keisers gehad het om goddelike titels te dra. Hulle is byvoorbeeld as "ons Here en ons God" aangespreek.

### *2.3.3 Die derde fase (13:11-18)*

Die derde fase van die duiwel se aanslag word in Openbaring 13:11-18 opgeteken. In hierdie fase speel die derde persoon in die bose trio die leidende rol. Hy is naamlik die dier uit die aarde wat teenoor die Heilige Gees kom staan. Net soos die Heilige Gees gekom het om Jesus Christus te verheerlik (Johannes 16:14), so kom die valse profeet (dier uit die aarde) om die Antichris (dier uit die see) te verheerlik.

Anders as die vorige twee in die bose trio wat wreedaardig voorgestel word, kry ons 'n dubbelsinnige voorstelling van die dier uit die aarde. Aan die een kant herinner hy aan 'n lam (twee horings soos die van 'n lam) en aan die ander kant klink hy soos die draak. Hy is dus niks anders as 'n wolf in skaapklere nie. Hy het dan ook ten doel om al die bewoners van die aarde onder die heerskappy van die Antichris te bring. Daarom doen hy wondertekens, rig hy 'n beeld op, verplig hy die mense om merke aan die hande en die voorkoppe te dra en beheer hy selfs die ekonomie.

Die voorstelling van hom as iemand met die getal 666 is 'n historiese gegewendheid. Die lesers het geweet na wie dit verwys, maar daar is duisende verteenwoordigers van hierdie dier uit die aarde. Daarom is al die moderne pogings om hierdie nommer uitsluitlik aan een persoon te verbind, fataal. Hulle kan gestaltes van die dier wees, maar hulle is nie by uitstek die dier nie.

Omdat hierdie laaste fase van die duiwel se aanslag meer op 'n geestelike en sielkundige vlak gevoer word, het die kinders van God wysheid nodig.

## 3. Hermeneutiese opmerkings

In die deurtrek van die gegewens van Openbaring 12-13 na vandag toe, is daar 'n paar belangrike beginsels wat in gedagte gehou moet word:

- Allereers moet die simbole en beelde wat gebruik word teen die agtergrond van die Bybelse tyd verklaar word.
- Verder is dit belangrik dat in gedagte gehou sal word dat dit die hoofboodskap van die gedeelte is om die Christene te bemoedig en aan te moedig vir hulle stryd teen die duiwel.
- Derdens moet alle gebeure eers teen die agtergrond van die eerste eeuse Christene verklaar word.

- Vierdens moet gewaak word teen sensasionele ontdekkings en verklarings.
- Laastens is dit belangrik om te besef dat die stryd waarvan hier sprake is nog steeds aan die gang is en dat al die gebeure wat hier beskryf word, vandag ook nog gebeur.

## 4. Preekriglyne

'n Eerlike poging om uit Openbaring en dan spesifiek hoofstukke 12-13 te preek, sal in sy vormgewing iets moet reflekteer van die vorm van Openbaring. Daarom moet daar gewaak word om dieselfde vorm van prediking te gebruik wat jy byvoorbeeld sou gebruik as jy uit Romeine sal preek. Die vorm van die gedeelte waaruit jy preek, moet tog in 'n mate die vorm van jou preek bepaal. Hieronder volg drie moontlikhede waar gepoog word om reg te laat geskied aan die vorm en inhoud van Openbaring.

### *4.1 Preekvorm 1*

In die eerste poging kan soos in Openbaring met getalle en letters gespeel word. In plaas daarvan om getalle die taak gee om 'n naam uit te spel, kan jy letters gebruik. Die eerste letter van die verskillende indelings van die preek kan dan die tema van die preek uitspel.

Tema: *Pasop vir die duiwelse aanslae!!!*

U kan dan nou gaan en die aard van hierdie aanslae skets deur die woord duiwels uit te spel. In die geval sal vanaf die eenheid en georkestreerdheid van die aanvalle van die bose trio uitgegaan word. Hierdie aanvalle van die duiwel is:

- Desperate aanvalle[26]
- Universele aanvalle[27]
- Immiterende aanvalle[28]

26 In hierdie gedeelte kan gewys word op al die kere wat hy verloor het. Veral in hoofstuk 12 verse 4-9 en 13-16 kom dit na vore. En al hierdie nederlae maak hom desperaat.

27 Hierdie aanvalle van Hom is nie net tot 'n klein groepie mense gerig nie. In 13:7 staan daar dat daar aan hom gesag gegee is *oor elke stam, volk, taal en nasie.*

28 Alles wat hy doen is basies 'n nabootsing van God. Hy openbaar hom ook in drie persone, hy probeer ook sy kinders merk en alles verder wys op hierdie nabootsing.

- Weldeurdagte aanvalle[29]
- Eklektiese aanvalle[30]
- Lewensgevaarlike aanvalle[31]
- Selfvernietigende aanvalle[32]

Die preek kan afgesluit word met 'n oproep tot geloof in Jesus Christus en 'n begeleiding van die feit dat ons oorwinning net in Jesus Christus is. Buite Hom is daar geen oorwinning moontlik nie.

## *4.2 Preekvorm 2*

Die tweede moontlike preekvorm wat u kan gebruik, is die van metaforiese prediking. Jy kan van 'n metafoor gebruik maak om die boodskap oor te bring. Die keuse van 'n metafoor is ook nie baie moeilik om te kies nie, want die gedeelte bied homself in die vorm van 'n oorlogsmetafoor aan. In die preek gaan jy jou indelings hoofsaaklik laat lei deur die struktuur van die gedeelte. Hier volg nou 'n moontlike metaforiese preekskets.

**Tema:** *Neem kennis van die duiwel se strategie om die kinders van God in Suid-Afrika aan hom te onderwerp!*

Allereers wil ek sê dat hierdie gedeelte - soos enige ander by wyse van hermeneutiek - 'n spesifieke gerigtheid het en dit is die mense wat voor u sit. U kan begin deur te wys op moderne oorlogstrategieë en die fases wat lande deurgaan totdat hulle in die hande van die antichris en die kommunis val. U hoef ook nie skaam te wees of te huiwer om te wys op die pad wat Suid-Afrika geloop het tot waar hy nou is. En u kan ons hele geskiedenis uit die strategie van die duiwel aflei en sien hoe die gebeure

29 Die hele strategie van die duiwel werk volgens 'n plan. Daarom word daar juis gesê dat die kinders van God wysheid nodig het.

30 In 12:17 en 13:17 staan dit baie duidelik dat sy aanvalle teen die gelowiges gerig is. Hy kies dus net die beste uit om teen te veg. Hy kommer hom nie oor die ander nie, want hulle behoort aan hom.

31 In 13:7 en 13:10 staan dit baie duidelik dat die aanvalle van die duiwel vir die kind van God lewensgevaarlik is.

32 In 19:19,20 en 20:10 staan dit dat die uiteinde van die duiwel se aanvalle vir hom die ewige dood in die poel van vuur beteken . Maar nie net vir hom nie, ook vir dié wat in hom glo.

in ons land net 'n praktiese realisering is van beginsels wat alreeds 2000 jaar terug daar gestel is. U kan dan op die drie fases in die strategie wys:

- Fase 1: Oorlogvoering[33]
- Fase 2: Politieke oorname[34]
- Fase 3: Geestelike onderwerping[35]

Nadat u die strategie van die duiwel geskets het om ook die Christene in Suid-Afrika te oorwin, moet u nou vir die mense troos en krag en uitkoms gee. Dit kan u doen deur te wys op die oorwinning in Jesus Christus en die feit dat God in beheer is. Hulle moet egter ook opgeroep word om hulle nie te vermeng met die heidene nie en deur te volhard.

## *4.3 Preekvorm 3*

Waar die vorige twee preke die metaforiese en die letterspel van die gedeelte na vore bring, wil die derde preekvorm die visuele van die beeldende van Openbaring na vore bring. Vir hierdie preekvorm het u visuele hulpmiddels soos 'n truprojektor, moderne rekenaar-skyfieprojektors of televisie met 'n videomasjien nodig.[36] Die inhoud en vorm van die preek moet dan baie visueel wees, sodat u amper dieselfde effek op u gehoor het as wat Johannes op sy gehoor gehad het. Sonder om noodwendig name te noem, kan u wanneer u preek, beelde op die skerms reflekteer wat presies in beeld sê wat u in woorde beskryf. So gebruik u presies dieselfde metodiek as wat met aktuele programme en nuusprogramme gebruik word. Belangrik is egter dat die hulpmiddels wat gebruik word

33 In hierdie eerste fase sal u nou wys op Openbaring 12 en hoe dat die draak nie skroom om van oorlog gebruik te maak nie. Hy maak teen almal oorlog. Selfs teen God die Vader en teen Jesus. Dan kan u na ons rewolusionêre verlede wys en hoedat alle vorme van geweld in die naam van oorlog geregverdig word.

34 In hierdie gedeelte gaan u wys na die dier uit die see. Veral gaan u wys op die mag wat hy bekom en die populariteit wat hy onder die mense het. Dit is 'n mag wat hy van God ontvang, maar vir homself gebruik.

35 Die derde fase van die duiwel se stryd om die kinders van God te oorwin word nou deur die rol van die dier uit die aarde uitgebeeld. Hy is die een wat na die politieke oorname plaasgevind het, die populariteit van die antichris moet bevorder. Die rol van seker "kerkleiers" wat die politieke ideologie klakkeloos napraat is hier verseker 'n parallel.

36 Die lengte van die artikel maak dat ek nie op die produksieproses van sodanige hulpmiddels kan ingaan nie, maar indien u meer wil weet, kan u my skakel.

baie goed en baie deeglik en netjies voorberei sal wees. 'n Voorbeeld van so 'n preek is byvoorbeeld:

**Tema:** *Die aard van die duiwel se aanslag teen ons:*

- Dit is aggressief[37]
- Dit is antichristelik[38]
- Dit is agterbaks[39]

Indien u van die metode gebruik gemaak het, is dit baie belangrik dat jy die preek sal afsluit met duidelike riglyne in groot letters op die skerm of skerms wat presies vir die gemeente sê wat van hulle verwag word. En heel laaste visuele beeld moet dié van oorwinning en vrede vir die kind van God wees. Daardie kontras met die geweld en die agterbaksheid van die duiwel moet nou duidelik na vore kom.

## 5. Epiloog

Openbaring 12-13 is baie relevant vir ons gelowiges in 'n veranderende Suid-Afrika. Deur bogenoemde riglyne te volg, glo ek dat u vir u gemeentelede leiding, troos en bemoediging kan gee. U kan hulle so lei dat hulle nie meer Psalm 12 nie, maar Gesang 142:2 wil sing:

*Loof Hom wat die oorwinnaar is*
*oor magte van die duisternis.*
*Halleluja! Halleluja!*
*Hy gee die gawe van sy Gees,*
*stuur Hom om ons tot troos te wees.*
*Loof die Here, gee Hom ere.*
*Halleluja! Halleluja! Halleluja!*

37 Openbaring 12 sal hier aan die orde kom. Maar die aanbieding daarvan sal beelde van geweld en rewolusionêre oorlogstonele moet insluit. U moet nie bang wees om op 'n subtiele manier groepe uit te beeld nie. Johannes was immers nie bang nie.

38 In die gedeelte gaan die dier uit die see aan die orde kom. U hoef ook nie bang te wees om beelde van moderne antichristelike leiers te vertoon nie. Met behulp van Multimedia Ensiklopedies kan u enige sulke tonele op videoband neem en weergee.

39 In die gedeelte gaan u wys op die dier uit die aarde en dan wys op moderne *geestelikes* uit alle godsdienste wat die rol van die dier vervul.

## Bibliografie

BARCLAY W
1983. *The Revelation of John.* Edinburgh: St Andrew Press .

DU RAND JA
1985. *Want die einde is naby.* Wellington Bybelkor.

1995. *666 en die eeuwenteling.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

GUTHRIE D
1976. *New Testament Introduction.* Leicester: Inter-Varsity Press

HENDRIKSEN W
1976. *More Than Conquerors.* Grand Rapids: Eerdmans.

MORRIS L
1983. *The Revelation of St. John.* Grand Rapids: Eerdmans.

MOUNCE RH
1977. *The book of Revelation.* Grand Rapids: Eerdmans.

POHL A
1977. *Die Offenbarung des Johannes.* Wuppertal: Brockhaus.